
Rietstok – Uitgawe 67

Oktober 2025

# Lente



*Amarilla - Gauteng*



*Impalalelie - Limpopo*

# Inhoudsopgawe



- Rietvallei Bestuur p.2
- Wees altyd bly p.2
- Die Voorsitter se 3 Rondawels p.3
- Innerlike krag (Oordenking) p.4
- SAWA nuus p.7
- Nasionale Vergadering 2025 p.9
- O.V.O. Siekte p.12
- Sionberghsaamtrek p.13
- Seniorburgers p.16
- Saamtrek oorsig p.16
- Pinocchio Kleuterskool p.18
- Rietvallei Program - opsomming p.20


# Rietvallei Bestuur

Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za
Penningmeester: Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com
Sekretaris:
Pieter le Roux 083 258-3613
rietvallei.sek@sawa.org.za
Seniorburgerverteenwoordiger
Dalena Marx 082 415-0976
dalenamarx4@gmail.com
Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560
Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com
Addisionele lid:
Frans Scholtz 082 576-3516

*Dit is die maand Oktober!*
*Die akkerboom is groen;*
*Die bloekoms langs die paaie*
*Is almal nuutgeboen;*
*En orals in die tuin rond*
*Ruik jy sering en roos,*
*jasmyn en katjiepiering,*
*lemoen en appelkoos*

*C. Louis Leipoldt*




*Azalea laning - Magoebaskloof*

## Wees altyd bly

Nina Smit sê dat dit maklik is om bly te wees wanneer daar vreudevolle dinge met ons gebeur. Maar dis nogal moelik om saam bly te wees wanneer iemand anders bly is ten koste van jouself. Wanneer iemand anders die bevordering gekry het wat jy verwag het, of as jou vriende se kleinkinders beter as joune presteer.

Dan word Paulus se opdrag om bly te wees saam met dié wat bly is moeiliker, want dit druis teen ons natuurlike, selfgesentreerde geaardheid in. Die enigste manier hoe ons werklik gewillig kan wees om spontaan in ander mense se vreugde te deel, is wanneer ons emosioneel by hulle betrokke raak; wanneer ons uit ons harte vir hulle begin omgee; wanneer ons hulle liefkry met dieselfde liefde waarmee Jesus óns liefhet, selfs ten koste van onsself. Vra Hom om dit vir jou moontlik te maak.

*Nina Smit*



## Drie Rondawels deur my Venster

Dit is moeilik om te glo dat 2025 al weer net so duskant die einde staan. En met dit dan ook die vooraand van Rietvallei se 20ste bestaansjaar wat in 2026 gevier sal word.

Ons beplan 'n lekker saamkoms gedurende Mei 2026, maar hou gerus julle e-posse en whatsapp boodskappe dop vir meer inligting hieroor.

Wat die huidige jaar aan betref, is ons mos nou in die spreekwoordelike "silly season". Die tyd wat almal wil afskeid neem gedurende funksies, "Black Friday" goed probeer smous en die kleinkinders wat begin kersgeskenk lysies vir ouma en oupa aandra.

Deur die malle gejaag moet ons maar kophou om te onderskei tussen die "wants" en "what nots", maar ek vertrou ons sal dit maak.

Ons werk natuurlik ook aan die San Cha Len jaareind kuiernaweek en daarom ook ons tyd om mekaar te wens en te groet voor ons groot dae begin.

SAWA het ook in Oktober ons jaarlikse Nasionale Vergadering gehad en alles daar het sommer seepglad verloop. Niël Goslett, Martin Rix en Chris Joubert het hul poste behou en word sterkte toegewens vir hul taak wat voorlê.

Die Rietvalleiers gaan goed aan en so hier en daar hoor ons van 'n olike oom of tante. Chris Delport is weer tuis en herstel goed. Hopelik werk die herstel dié keer sodat ons hul weer kan sien by 'n saamtrek.

Van uit my venster, waar dit vandag besonder mistig is, wil ek sommer nou al vir almal 'n Geseënde Kerstyd toewens. Mag die Liefde van God ons elke dag omvou en beskerm van enige Satans aanvalle wat ons mag beleef.

Groetnis.

Pieter Viljoen *(Voorsitter)*

OORDENKING

# INNERLIKE KRAG

Innerlike krag kom alleen van God, deur die Heilige Gees in ons, waardeur Jesus in ons harte woon, soos ons lees in Ef 3:16,17:

> *[16]Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, [17]dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.*

Die sleutel tot ware innerlike krag is sagmoedigheid en liefde, wat gestalte kry in nederigheid. Sy liefde werk ook in ons, sodat ons innerlike krag kan verkry, volgens Efes. 3:19:

> *Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

Ons kan ons dus verder ook verbly in die woorde van Efes. 3:20:

> *Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink.*

Die innerlike krag kom dus nie uit ons self nie, nie deur ons eie krag nie, maar is slegs deur die genade van God teenwoordig in ons lewens. Die Heilige Gees lei ons om daagliks deur hierdie krag van God te leef.

**Innerlike krag gee ons die vermoë om versoekings en beproewings te weerstaan**

Deur hierdie innerlike krag van die Gees word ons gehelp om versoekings en beproewings te weerstaan, volgens 1 Kor. 10:13:

> *Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.*

Ons sal dus nie bo ons kragte versoek word nie, soos hierdie woorde ons duidelik verseker. Soos Jesus in die woestyn deur die Satan versoek is en deur sy innerlike krag in staat gestel is om die versoekings te weerstaan, help die Gees in ons ons ook om versoekings te weerstaan. Verder word ons ook verseker dat ons geloof versterk word deur versoekings en beproewings, soos ons lees in Jak. 1: 2-4:

> *[2]My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, [3]want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. [4]En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.*

Verder verseker Paulus ons ook dat niks ons kan skei van die Liefde van God nie; die Bron van ons innerlike krag, soos gegee in die woorde van Rom. 8: 37-39:

> *[37]Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. [38]Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39]of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

Om dus versoekings en beproewings te weerstaan, gaan alles oor God en nie oor my nie, omdat Hy ons die innerlike krag gee om weerstand hierteen te bied. Wat meer is, ons geloof word daardeur versterk.

**Innerlike krag gee ons vrede**

Innerlike krag gee ons ook vrede: die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan. Verder gee hierdie innerlike krag ons ook die versekering dat dit nie nodig is om oor iets besorg te wees nie, omdat God ons alles gee wat ons nodig het en ons dus oor niks bekommerd hoef te wees nie. In Fil. 4: 4-7 word ons hiervan verseker:

> 4*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!* 5*Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby.* 6*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* 7*En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

Die innerlike krag verseker ons ook van die vrede wat God ons gee. Ons het dus ook die versekering dat ons in alles bly kan wees omdat ons weet dat God in al ons behoeftes voorsien.

**Innerlike krag maak ons nederig**

Omdat dit oor God gaan en nie oor onsself nie, het ons niks om op te roem nie, en maak innerlike krag ons ook nederig, soos ons lees in Fil. 2:3,4:

> 3*Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.* 4*Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.*

Dit gee ons dus ook die gawe om liefde en mededeelsaamheid teenoor ons naaste te bewys, soos wat Jesus van ons verwag.

**Kom ons bid**

1. Dankie dat U ons so lief het dat U die gawe van die Heilige Gees in ons lewens uitstort.
   *(Hand. 2:38 Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.")*
2. Ons Here, vul ons elke dag met innerlike krag deur U Gees wat in ons woon
   *(Efes. 3:19 Mag julle heeltemaal vervul word met die volheid van God).*
3. Dankie Here, dat U ons innerlike krag gee en dat ons elke goeie gawe in geloof van U kan vra, omdat ons weet dat U veel meer kan doen as wat ons dink of vra.
   *(Efes. 3:20: Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink.)*
4. Bid dat ons daagliks sal groei in die kennis van God en Hom beter leer ken.
   *(Fil. 1:9 Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling.)*
5. Bid dat ons daagliks sal vohard in gebed.
   *(Kol. 4:2 Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar.)*

6. Bid dat ons in die Liefde gewortel en gegrond sal wees.
   *(Esra 3:11 Hulle het die Here begin loof en dank: "Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie.")*
7. Maak ons daagliks dankbaar vir U genade en liefde.
   *(Job 10:12 U het my die lewe gegee en my met liefde versorg, met sorg het U oor my gewaak.)*
8. Dankie dat U ons die ware vrede gee, wat van U af kom.
   *(Fil. 4:7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.)*
9. Bid dat ons ons waarde in Christus sal verstaan.
   *(Fil. 3:8 Ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.)*
10. Here, help ons om altyd nederig te wees, omdat U alles is en ons niks.
   *(1 Pet 5:6 Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.)*

**Ten slotte: Vertrou altyd op God**

Ons moet dus altyd ons volle vertroue op God stel, omdat innerlike krag nie oor onsself gaan nie, maar oor God, wat deur sy Gees in ons werk en ons die gawe van innerlike krag gee vir elke omstandigheid.
*(Ps. 25:14 Die Here neem die wat Hom dien, in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend.)*

*Daan van der Berg*

### *Die Geheim van Innerlike Krag*

*Die ware geheim van innerlike krag lê daarin om weg te kyk van jouself, leeg te word van jou eie krag en bekwaamheid, en om God te eer met opregte aanbidding.*

*Dit is om bereid te wees om tyd af te staan om stil te word in sy teenwoordigheid, en om jou gedagtes skoon te maak van jou bekommernisse en van al jou planne en besigwees.*

*Tog is dit asof God hierdie waarheid byna as 'n soort geheim bewaar, as 'n ontdekking slegs vir diegene wat Hom waarlik soek: om in aanbidding by Hom te vertoef bring 'n voorraad ver bo wat jy kan dink of vra.*

*Salomé Combrink*

### ADVENT 2025

Advent is die tydperk voor kersfees en begin gewoonlik op die Sondag naaste aan 30 November elke jaar. HAT omskryf "advent" as die naderende koms van Christus. Ons denke, geloofsaksies en lofliedere verwoord ons vooruitskouing van die koms. Ons hou kerssangdienste en kersopvoerings en kweek opgewondenheid oor die groot dag wat kom.
Advent is ook 'n tyd om te besin oor die tweede koms wat, so weet ons, naby is.
Ons weet ons vier kersfees op 25 Desember; maar wanneer Christus die tweede keer kom, weet niemand nie en só is die datum "vas" geskryf. Geen mens kon dit nog ooit regkry nie en Danie was nie die eerste nie. Maar, as ons iets hieruit kan haal, is dit dat ons altyd, nie net per afspraakdae nie, gereed moet wees. Dit is áltyd advent. – Tót Hy kom.

## SAWA Nuus

**Nasionaal:**

Die Nasionale Veradering vir 2025 is virtueel aangebied en die meerderheid van die "Noordelike" verteenwoordigers was in die kerkie van Sionbergh bymekaar vir die vergadering. Vir besonderhede oor die vergadering, sien asseblief die artikel oor die Nasionale Vergadering op p.9.

Die Nasionale Vergadering vir 2026 word beplan om in die Wes Kaap gehou te word. Daar was nie 'n klinkklare besluit tot watter mate die vergadering weer virtueel aangebied sal word nie. Dit is onwaarskynlik dat al die afgevaardigdes na die Wes-Kaap sal reis vir die vergadering. Koos Boshoff, Voorsitter van Gebied Vaaldriehoek, beplan 'n toer na die Nasionale Vergadering. (Belangstellendes kan hom nou reeds kontak om op 'n lys geplaas te word. 'n Rietvalleier het aangedui dat hulle sou belangstel om die toer mee te maak). Koos sal nader aan die vertrekdatum meer besonderhede bekend maak.

**Gebied Jakaranda:**

Die gebied bestaan tans uit die volgende streke:

| **Streek** | **Voorsitter** |
|---|---|
| Bosveld | Theo Senekal |
| Kiepersol | Wilanda Prinsloo |
| Pretoria | Jurie Pretorius |
| Rietvallei | Pieter Viljoen |
| Wapadrand | Andy Toerien |

Pretoria is die oudste streek in Jakaranda en het hul 55$^{ste}$ bestaansjaar in 2025 gevier. Ongelukkig word die streek tans gesluit.

Jakaranda se ampsdraers is:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Francois Groenewald |
| Ondervoorsitter | Pieter Viljoen |
| Penningmeester | Tjaart Klaasen |
| Sekretaresse | Charnelle Louw |

Die Presidente saamtrek word soos gewoonlik oor paasnaweek gehou. Jakaranda is vir die 2026 saamtrek verantwoordelik en het besluit om die Presidente weer by View-on-Vaal te hou. Inligting is nog skraps, maar 'n seniorsaamtrek voor die Presidente word beplan en Martin Rix het glo al gevra na Rietvallei se wit olifante, want 'n vorige gebiedsvoorsitter het glo met Rietvalleie se kalwers by Nasionale Bestuursvergadering gaan ploeg. Weet nog nie hoe dié storie gaan ontwikkel nie, maar "hulle" sal "ons" op die hoogte hou.

**Streek:**
In Julie het Rietvallei AJV gehou. Die goeie nuus is dat die bestuursgroep, in breë gesien, nie veel verander het nie. Frans Scholtz het addisionele lid geword, Pieter le Roux is weer sekretaris en Dalena Marx het die "Seniors" vaandel by Elmarie le Roux oorgeneem. "Bon Voyage et succès" aan Pieter Viljoen en die span wat saamwerk om seker te maak dat alles op 'n drafstap gebeur.

**Rietvalleiers:**
'n Paar terloopse opmerkings:
**Johan van Zyl** het 'n baie suksesvolle opvolg operasie ondergaan. Sy dyspier is weer afgesny en die hoofsenuwee in die been is losgemaak. Aanvanklik was Johan en Rina baie positief oor die ressultaat. Terwyl hy nog in die hospitaal was, kon hy al sy hele been, enkel en tone beweeg. Iets wat hy nie voor die operasie kon doen nie. Alles van die heel beste, Johan en Rina! Ons vertrou dat hierdie 'n draaipunt was en dat dit van hier af altyd beter mag gaan.
**Chris Delport** sukkel baie met sy knie. Hy het meer as een maal geval en die knie weer seergemaak, met gevolglik sjirugiese ingrepe. Hierdie knie-episode is ook nie die eerste nie. Chris het jare al las van sy knie. Met die skrywe hiervan, was Chris tuis. Dit gaan goed, sê Chris. Hulle het regtig gehoop om die Nasionale Vergadering by te woon, maar natuurlik was dit nie moontlik nie.
**Marlene Maree** het op 27 Oktober 'n opvolg rugwerwelfusie ondergaan en dit nadat medici vir 'n tydlank 'n lewendige debat gevoer het oor wat eintlik verkeerd is of nie verkeerd is nie. Dirk het voor die operasie al gesê dat Marlene vir 'n tyd lank (5 – 6 weke) "mossie-stil" moet lê om die rug kans te gee om te kan herstel. Ongelukkig het Marlene intussentyd bloedklontjies ontwikkel, wat nou moet oplos. Daarmee saam het sy longontsteking opgedoen en dit alles laat Marlene baie moeg. Marlene en Dirk "kuier" op die oomblik by een van hulle dogters, sodat hulle Marlene makliker kan bystaan. Ons beste bede vir herstel, Marlene. Ons beste wense vir 'n goeie herstelpad en volle mobiliteit hierna, Marlene. Sterkte Dirk!
**Lettie Ueckerman** is op 24 Oktober in die Wilgers opgeneem met 'n aantal mediese probleme. Soveel so, dat sy in die intensiewe sorg eenheid beland het. Op Saterdag 1 November het Mel gesê dat haar infeksietelllings nog hoog is, maar dat Lettie al in 'n stoel sit en met haar mense gesels. Ons gebede is vir herstel, Lettie. Hou moed, Mel. Ons hoop is dat jy altyd vir Lettie beskikbaar mag wees.
**Jan de Wagenaar**, Gerda-se-Jan het geval die oggend van die oggendkuier. Jan het tevore geval en sy skouer beseer. Só, dat die skouer met 'n hangverband geïmobiliseer is… en, toe val hy Vrydagoggend weer; waarskynlik omdat die imobilisasie sy balans nog meer versteur het. Tydens die oggendkuier was Jan reeds in die hospitaal opgeneem. Gerda het Maandag (4 November) gesê dat Jan waarskynlik binne die volgende dag of twee uit die hospitaal ontslaan sou word, om opgeneem te word in die oord se versorgingseenheid.
Sterkte Gerda en beterskap Jan!

## Nasionale Vergadering 2025

**Inleiding:**
Die Nasionale Vergadering het verlede jaar besluit om in 2025 die Nasionale Vergadering virtueel aan te bied. Dit is bedoel as 'n proefneming en hoofsaaklik om kostes te bespaar. Dit kan werk, lekker en maklik! Net voor die vergadering begin, gryp jou pampiere, teken gou in sê "Dis ek" en skakel die kamera af. Maar, vir party SAWAnante is dit net té maklik. Nee, vir 'n "kongres" moet jy "aantree" met 'n baadjie wat nie meer wil toe nie en 'n das wat amper lank genoeg was vir jou Graad 7 afskeid … amper.

Dit is hoe dit toe gebeur dat Rietvallei se Oktobersaamtrek vervroeg is sodat die noordelike gebiede 'n plek gehad het om tafels bymekaar te sit om die "sake van belang" van die Assosiasie te bespreek. Die praatstories van sulke vergaderings loop gewoonlik maar dieselfde paadjie:

> "Is julle daar?"
> "Is daar genoeg van julle?"
> "Gaan dit goed?"
> "Dink julle darem daar is ietsie bruikbaar in laas keer se notule?"
> "Wat sê jy van hierdie verslag van jou?" en die antwoord is gereeld:
> "Ek volstaan by my verslag"
>> Laat my dink aan iemand wat stewig staan, opgerolde moue en al….
>
> En dan begin "hulle" praat en "stim" en uiteindelik
> "En ons sê almal so, tot volgende keer!"

Nasionaal was daar 43 stemgeregtigdes (virtueel) teenwoordig, met maklik die grootste samedromming in Sionbergh se kerkie. Vir sy eie behoud, het Martin Rix (Nasionale Sekretaris) die vergadering op 'n veilige afstand bygewoon, maar darem later die middag kom saamkuier.

Hieronder 'n paar van die praatjies en uitkomste:

**Ledesake:**
Niël Goslett het met statistiek bevestig dat SAWA se ledetal steeds teen 'n vaste tempo afneem en die vraag gelaat oor wanneer SAWA die kritiese punt vir die huidige organisasie vorm sal bereik en wat dan…? Die probleem is nie beperk tot 'n spesifikeke area nie. Tog is daar uiters suksevolle streke en Niël het ons aangemoedig om mededeelsaam met raad te wees en van mekaar te leer.

**Inligtingstegnologie**
'n Tyd gelede het SAWA toegang tot Office 365 gekry. Spesifieke ampsdraers soos voorsitters, penningmeeesters en sekretarisse is juis die mense wie toegang tot O365 verleen word, op versoek, maar dan moet dit gebruik word.

Die grootste voordeel is dat dokumentasie en werksdokumente nou op die "wolk" gebêre word. As voorbeeld, wanneer 'n nuwe voorsitter gekies word, word toegang tot die Office rekening bloot na die nuwe poshouer verskuif en dan het hy toegang tot al sy voorganger se dokumentasie. (Nou moet "onse mense" net onthou om die dokumentasie op die wolk by te hou!)

**Sosiale media**

Alet Meyer neem steeds die voortou. Sy is oortuig van die positiewe bydrae wat sosiale media op SAWA se beeld het en moedig ons aan om meer plasings te maak. Rietvallei plaas dikwels kamp inligting op ons Facebookblad en kan gerus meer plaas. Stuur asseblief julle bydraes na Pieter Viljoen vir plasing sommer tydens 'n kamp of ander gedoente?

**Webwerf**

Magdaleen Viljoen hou die werf netjies en skoon. Sy ontvang insetsels vir plasing deur streekstrukture. Magdaleen rapporteer dat sy in die afgelope SAWAjaar 34 bydraes uit die 26 SAWA streke gekry het, waarvan 50% uit Rietvallei afkomstig was. (Baie dankie aan almal wat gehelp het om insetsels te ontwikkel en gereed te maak vir webplasing. Van artikelskrywers soos Sieg Maritz, Daan van der Berg., Pieter Viljoen, Tjaart Klaasen, Pieter le Roux, Frans Scholtz en nog baie ander. EN die foto's van Marietjie wat so gereeld opdaag!) Te danke aan julle almal het Rietvallei die Jurie en Kittie Dreyer trofee vir webwerf bydraes verower.

**Nuwe sangbundel**

Ongeveer twee jaar gelede het SAWA op nasionale vlak besluit om die sangbundel te hersien en uit te brei. Daar was reeds van die nuwe liedere tydens die 2025 Presidente saamtrek gebruik. Die projek is steeds aktief onder leiding van Jannie Meyer.

**Finansies**

Chris Joubert (Nasionale Penningmeester) en Niël Goslett (Nasionale Voorsitter) het hieroor gesels en bevestig dat SAWA se finansies gesond is, want SAWA kan al sy finansiële verpligtinge nakom. SAWA is geregistreer by die SAID en in die NPO register (Non Profit Organisation).

<u>Inkomste</u>:

Sowat 58% van SAWA se inkomste in die vorige jaar het gekom uit ledegelde. Die volgende bron van inkomste is die Presidentsfonds, wat omtrent 5.8% van inkomste verteenwoordig.

Die kritiese afhanklikheid aan ledegelde is duidelik.

<u>Uitgawes</u>

Die grootste uitgawe rekeninge is salarisse en saamtrekke. Saamtrekuitgawes is hoofsaaklik die oorbetaling van staanplekgelde vir nasionale saamtrekke soos die Presidente. Lede betaal hulle kampfooie aan die SAWA kantoor en die kantoor betaal dit oor aan die betrokke oord; dus 'n direkte in- en uit- betaling.

Ledegelde vir 2026:

Vanjaar was die ledegelde R550 per lid. Met 'n nulbegrotings- en 'n streng uitgawebeheer- beleid, is dit volgens Nasionale Bestuur slegs moontlik om die begroting te laat klop, indien ledegelde met R25 (4.5%) na R575 verhoog word. Die voorstel is goedgekeur en tree in werking op 1 Desember 2025.

**Wysigings aan die Grondwet en Administratiewe Reëls en Aanbevelings**

Met tyd verander omstandighede in menige organisasie en dan word dit nodig om die rigtingewende dokumente te wysig om by nuwer omstandighede aan te pas. Vir SAWA kan wysigings aan hierdie dokumente slegs tydens 'n Nasionale Vergadering formeel verander word. Veranderings word gewoonlik vooraf voorgestel, gedebateer, geformuleer en voorgelê vir goedkeuring tydens die Nasionale Vergadering.

Hierdie tipe veranderings het dikwels te doen met die lewensfase waarin die organisasie hom bevind en 'n groot deel van die veranderings wat vanjaar voorgestel is, het te doen met SAWA wat besig is om kleiner te word. As voorbeeld, die konsep van satellietstreke is 'n handige instrument om nuwe streke op die been te bring, maar werk nie so goed vir kleiner wordende streke nie.

Hier is 'n paar van die wysigings wat vanjaar aanvaar is:

- Wegdoening met die konsep van satelliet streke.
- Kworum by AJV: Indien 'n kworum nie moontlik is nie, wag die vergadering vir 'n uur en dan vorm die teenwoordiges 'n kworum.
  (Tevore moes die vergadering herbelê word.)
- Kworum by spesiale streekvergaderings: Indien 'n kworum na die voorgestelde tyd nog nie moontlik is nie, word die vergadering afgelas. (M.a.w. herbelê die spesiale vergadering.)
- Aktiewe lede:
  Daar was skynbaar lank reeds 'n behoefte aan 'n definisie van 'n aktiewe lid. 'n Aktiewe lid is iemand wat tenminste een amptelike saamtrek in 'n (SAWA) jaar bywoon. Dit beteken dat streke hierdie data moet byhou. In Rietvallei se geval is dit bloot die byvoeging van 'n formule en 'n addisonele kolom in die lederegister (tans gehou deur Tjaart Klaasen).
- Proporsionele verteenwoordiging by die Nasionale Vergadering: Tans kan streke 2 afgevaardigdes en satelliete 1 afgevaardigde na die Nasionale Vergadering stuur. Siende dat weggedoen is met die benaming "satelliet" en ook dat sommige streke baie meer lede as die gemiddelde streke het, is daar besluit om afgevaardigdes van 'n streek as volg aan te pas:
  - Streke met 1 tot 10 stemgeregtigdes:
    Geen afgevaardigde – Belange word deur die gebiedsvoorsitter hanteer
  - Streke met 11 tot 24 stemgeregtigdes: 1 Afgevaardigde
  - Streke met 25 tot 60 stemgeregtigdes: 2 Afgevaardigdes
  - Streke met meer as 60 stemgeregtigdes: 3 Afgevaardigdes

Rietvallei het tans 38 lede en 68 stemgeregtigdes. Maar, die besluit oor aktiewe lede moet hiermee saamgelees word en mens sal dus (teoreties) eers teen die einde van 'n SAWA jaar kan bepaal hoeveel afgevaardigdes 'n streek na 'n Nasionale Vergadering kan stuur.

**Nasionale Voorsitter se Verslag:**
Niël gebruik hierdie geleentheid om sy oorsig van die organisasie te lewer en om punte van belang uit te lig. (Van sy opmerkings is reeds in voorgenoemde aangehaal):

- Die positiewe finansiële ressultaat is weens die besparingsmaatreëls wat in die afgelope jaar toegepas is, soos die weglating van reiskoste vir dagbestuurslede. (Teams fasiliteite maak virtuele vergaderings moontlik en indien reiskoste nodig is, sou dagbestuurslede self daarvoor betaal het.)
- Heelwat lede sê: "Ons wil net kamp"
  Niël neem hiervan kennis en sy antwoord is:
  *"SAWA se tema is tans: "Kom kamp saam".*
  *Nooi jou ou kampvriende, nooi jul vriende wat 'n woonwa of kamptoerusting het na die volgende saamtrek. Maak dit lekker vir hulle, maak dit lekker vir mekaar en deel in die lekker. "*

Die vergadering is ordelik(?) afgesluit met skouerkloppery (virtueel natuurlik) en "sien jou weer", net sodat die mense by Sionbergh hulle "kamptoerusting" aan die grond kon gaan vasmaak vir die windstorm wat oppad was. Maar dis weer 'n ander storie!

## OVO SIEKTE

Ek is onlangs met O.V.O. gediagnoseer:

Ouderdomgedrewe Vergeetagtige Ongesteldheid.

Dis hoe dit manifesteer:
Ek het besluit om my tuin nat te spuit.
Terwyl ek die spreier neersit, sien ek my kar het 'n was nodig.
Op pad garage toe sien ek die pos wat vroeër afgelewer is op die stoeptafeltjie lê.
Ek besluit om deur die pos te kyk voordat ek die kar was.
Ek sit die karsleutels op die tafel, sit die gemorspos in die boks onder die tafel, en sien dat hy vol is.
Ek los al die rekeninge op die tafel sodat ek eers die boks gemorspos kan leegmaak en besluit ek kan netsowel die rekeninge betaal, dan is dit afgehandel.
Ek vat my tjekboek wat op die tafel lê, en sien daar is net een tjek oor. My nuwe tjekboek is in my studeerkamer, en daar kry ek toe sommer die beker koffie wat ek aan't drinke was. Die koffie is al koud, dus maak ek vars koffie.
Op pad kombuis toe met die koue koffie tref die potplant my oog en ek sien hy is droog. Ek sit die koffie op die kombuistafel en ontdek my leesbril wat al heel oggend soek is. Ek besluit dit sal goed wees as ek eers die bril bêre, maar ek moet eers die potplant water gee.

Ek sit die bril terug op die toonbank, vul 'n houer met water en sien skielik die TV se afstandbeheer wat iemand op die tafel laat lê het. Ek besef as ons vanaand wil TV kyk, gaan ons die ding soek - dis beter as ek hom op sy plek terugsit, maar ek moet eers die plant natgooi. Ek gooi water in die pot, maar mors die meeste op die vloer.
Ek sit die TV-ding terug op die tafel en vat 'n handdoek om die vloer droog te maak.
Toe stap ek in die gang af en probeer onthou wat ek wou doen.
Teen sononder:

- Is die kar nog vuil.
- Die rekeninge is nie betaal nie.
- Daar staan 'n koppie koue koffie op die kombuistoonbank.
- Die potplant kort nog water.
- Ek kry nie die afstandbeheer nie.
- My bril is weg en
- Ek weet nie wat ek met die karsleutels gemaak het nie.

Toe probeer ek uitpluis hoekom ek heeldag niks gedoen het nie en hoekom ek so moeg is.
Ek stap na die rekenaar om hulp te soek, maar besluit om eers te kyk of daar e-pos is.
Doen my 'n guns:
Stuur hierdie boodskap aan almal wat jy ken, want ek kan om die dood nie onthou vir wie ek dit al aangestuur het, en of ek dit al vir enigeen gestuur het nie.

En moenie lag nie:
*As jy nog nie só is nie, is jy op pad om só te word!*

*Ontvang van Chris Delport*

## SIONBERGH

Die Oktobersaamtrek is geskaak; nogal deur SAWA Nasionaal! Wel, nie regtig nie… Die gedagte was om by 'n nuwe oord te kamp en ander streke in Jakaranda te nooi, vir 'n lekker kuiernaweek; in streke, maar só dat ons onder mekaar kan kuier om mekaar beter te leer ken. Alles goed wel, maar toe kry die noordelike gebiedsvoorsitters (Jakaranda, Oosrandia en Vaaldriehoek) die plan om die virtuele Nasionale Vergadering te "de-virtualiseer". Rietvallei se Sionbergh is toe "net die regte medisyne". Die oord is goed geleë vir al drie gebiede en net twee weke weg van Rietvallei se Sionbergh datum op die jaarprogram. Dit het 'n week of wat geduur voordat die "regte" mense oortuig was dat Sionbergh kon werk. Daarna het Pieter Viljoen in 'n japtrap reëlings met die oord gewysig en toe word die streek saamtrek 'n nasionale saamtrek, met besprekings en reëlings wat oorskuif na die kantoor in Impalapark.

Sionbergh se kaart wys dat daar 68 staanplekke is. Vaaldriehoek en Rietvallei het nog 10 addionele staanplekke gebruik wat nie op die oord se kaart verskyn nie. SAWA het 39 staanplekke, en een chalet/slaapeenheid gebruik. Met alle staanplekke benut en 'n skool studiegroep in die kamers, was die oord lekker vol. Die oord se fasiliteite het gelukkig gehou en gelukkig was daar geen onoorkomenlike klagtes nie.

Die saamtrek het begin met verwelkoming en boekevat in die kerkie. Net, ons het nie die kampinligting betyds onder oë gehad nie. Met 'n tydsverskil van 30 minute, was ons net betyds om te sien hoe die ander SAWAnante die kerkie verlaat, om die aand se kuier te begin. Wel, toe maak ons ook maar so!

Die Nasionale Vergadering was veronderstel om 08:00 te begin. Met al die "virtuele" probleme, het die vergadering om 08:02 begin (knap gedaan!) Magdaleen Viljoen het die vergadering geopen met skriflesing en gebed. Sy het gelees uit 2 Korinthiërs 12:8 – 9 en dit toegepas op SAWA. Vir meer besonderhede oor die vergadering, lees asseblief die artikel oor die Nasionale Vergadering op p.9.

Terwyl die vergadering aan die gang was, het die ander Rietvalleiers lekker gekuier en so tussen deur 'n groot bak wortelslaai gemaak met jellie én pynappel vir die aand se saambraai geleentheid.

Soos in die saamtrek advertensie beloof, het ons na die vergadering lekker gekuier. Maar… toe steek die wind op. Die meeste van die kampeerders het tussen die bome gestaan en was andersins deur geboue teen die wind beskut – Maar nie Rietvallei en Vaaldriehoek nie!. Dit word "hou vas vir al wat jy kan!" Pieter en Magdaleen het juis die tent probeer wat Magdaleen aanmekaar gesit het om hulle afdakkie toe te maak. Die wind wil net alles afskeur en wegwaai; die boonste raamwerk buig so, dat mens begin wonder of hier nie permanente skade gaan wees nie. Wel, toe maar inspring en sorg dat gered word wat te redde is. Dit kos afslaan en wegbêre voordat die wind dit wegwaai. Na omtrent 'n halfuur het die wind tot 'n mate bedaar en die kuier kon voortgaan.

Saterdagaand was 'n bring-en-braai geleentheid. Gelukkig was die weer so gaaf om nie te pla tydens braaityd nie. Die vure is aangesteek en terwyl die vure deur brand, is die prysuitdeling gehou.

Gewoonlik word by die Nasionale Vergadering gerapporteer dat die nominasies oorweeg is en dat toekennings gemaak is volgens die voorstelle ontvang en in ooreenstemming met die besluite van die Toekenningkomitee. Tydens die Saterdagaand funksie word die name dan bekend gemaak en die toekennings oorhandig. Omdat die vergadering virtueel gehou is, is die toekennings bekend gemaak tydens die vergadering. Die oorhandiging van die toekennings vir die Noordelike Gebiede is gedoen voor die vleisbraaiery begin het.

Rietvallei het die volgende toekennings ontvang:

- Erelede:
  - Pieter en Elmarie le Roux
  - Klaus en Anet Lübbert
  - Sieg en Annatjie Maritz
- Sertifikaat van Verdienste:
  - Streeksnuusbrief: Rietvallei (1 van 4 streke wat gereeld nuusbriewe gepubliseer het.)
- Trofee vir meeste webblad bydraes in die afgelope jaar: Rietvallei.

Gelukkig was die praat min en die kuier meer. Na afloop van die saamkuier en toe die "Vrolikheid op Note" 'n gesprek begin moeilik maak, het die Rietvalleiers onttrek, om verder in vrede te kuier én te swem (heerlike warmwater swembad, met 'n "Marco" hier en 'n "Polo" daar, soos die skoolkinders die studieweek afgesluit het).

Sondagoggend teen 08:00 het Pieter en Magdaleen in die pad geval om allerhande draaie oppad na Blydepoort te ry. Johan en Erna het ook Sondag gery, maar Bertus, Dalena en Henry het eers Maandag kamp af geslaan.

Sondag se Boekevat is deur Jannie Meyer van Oosrandia hanteer en hy het gesels oor dankbaarheid en gelees van Kolosense 3:15. Jannie het redes aangevoer waarom ons dankbaar kan wees en ons aangemoedig om in dankbaarheid teenoor God te leef. Wilanda Prinsloo van Jakaranda het die afsluiting van die saamtrek hanteer en met plesier vertel dat sy nie meer gebiedsvoorsitter is nie.

In opsomming, Sionbergh is 'n aangename oord. Dit lê so 9,5 km wes van Heidelberg. Dit is 1 km nader (as San Cha Len) van die Vlieëde Piering wissellaar. Die verkeer was beide vir die heen en terug reis gemaklik. Die oord self is goed uitgelê. Ablusie geriewe vir die gereelde staanplekke is gerieflik naby en daar was altyd genoeg warm water.

## RIETFONTEIN HOU GHOLFDAG

Streek Rietfontein het op 30 Oktober 'n gholfdag aangebied en Hentie Wessels het seker gemaak dat Pieter Viljoen inskryf. Soos julle kan sien, was die Viljoens goed verteenwoordig. Armand is 'n gesinsvriend.

Pieter was Vrydag 31 Oktober al weer op sy pos in Blydepoort.



*Pieter en kie by Rietfontein se gholfdag 30 Oktober.*
*(vlnr) Armand van Heerden, Pieter, Jaco en JP Viljoen.*

## Seniorburger Koördinasie

Hallo al die Senior Burgers!



Dankie vir julle vertroue in my om voor te loop.
Sal my beste probeer.
Sien sommer uit na die Kuieroggend 31 Oktober by De Meerpaal.
Dit is so lekker om te sien hoeveel belangstelling daar is van almal.
Ons gaan heerlik saam kuier.
'n Groot dankie aan al die seniors wat nog steeds so getrou saam kom kuier.
(Al het julle nie meer 'n karavaan nie.)

Elsette, ons hoop jy is nou tuis nadat jy verhuis het na jou kinders toe, ons mis jou baie.

Bly om te hoor dit gaan goed met al die operasies wat almal ondergaan het.

Sien uit na die jaareindfunksie by San Cha Len.

Liefde

Dalena Marx

**Nota:** *Dalena het hierdie artikel geskryf voor 30 Oktober en nou verskyn die Rietstok eers na afloop van die kuieroggend.*

*Dankie Dalena en almal wat gehelp het om die oggend 'n sukses te maak!*



*Dalena wens oom Neels de Klerk geluk met sy verjaarsdag op 25 Oktober.*

*Oom Neels het sy 94ste verjaarsdag gevier*




Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

**Bioway:**
1, 2 en 5 liters

**Swartsakke:**
50 of 100 sakke per pak

**Skoonmaakmiddels:**
Beskikbaar in 2l, 5l

## SAAMTREKOORSIG

'n Opgesomde jaarprogram is beskikbaar op die laaste bladsy van die Rietstok en die beplanning is om gedrukte jaarprogramme beskibaar te hê by die San Cha Len saamtrek. Oor sommige saamtrekke, net die een of ander:

**San Cha Len: 21 tot 23 November 2025**

Die uitnodiging is reeds uit. Besprekings sluit die 9de November sodat die nodige reëlings met die oord gefinaliseer kan word, veral vir spyseniering vir Saterdagaand.

Die meningsopname oor die wit olifant verkoping (einde September) toon 9 Rietvalleiers wat wou deelneem en nog 5 het dit oorweeg. Bring gerus artikels vir die verkoping saam.

Die jaareindfunksie word soos gewoonlik beplan vir Saterdagaand.

**Buffelspoort Januarie 2026**

Hierdie is 'n "spesiale" saamtrek in die sin dat die tarief geld vir 5 of meer dae teen R250 per staanplek (R1250 + admin), 2 persone per nag, met die verstandhouding dat daar tenminste 8 waens sal deelneem. Naweektariewe is aansienlik duurder maar, die oord maak die toegewing om die week tarief uit te brei vir die naweek slegs indien die voorafgaande midweek (Sondag tot Vrydag) ook bespreek is (R1750 + admin).

**Spookkamp: 20 tot 22 Maart 2026**

Die kamp word beplan en aangebied deur Bertus en Dalena Marx. By die Sionbergh saamtrek het Bertus vertel dat hulle 'n oord (of twee) in die oog het en dat hulle beplan om "ter plaatse ondersoek uit te voer" om seker te dat die die oorde aan ons behoeftes kan voldoen. Soos dit hoort, wou hy niks byvoeg nie(!)

**Presidente 2026: 2 tot 6 April 2026**

Die saamtrek oor paasnaweek word vanjaar deur Gebied Jakaranda gereël en aangebied. Op die afgelope gebiedsvergadering (27 Oktober) is besluit om die saamtrek weer by View-on-Vaal aan te bied, soos in 2025. Daar word op die oomblik met die oord onderhandel oor beskikbaarheid, kostes en so aan. Soos gewoonlik, word 'n voorafgaande seniorsaamtrek beplan. Meer inligting, soos beskikbaar.

**20ste Verjaarsdag: 16 Mei 2025**

Soos bespreek tydens die AJV, word die verjaardagviering by Renaissance Faerie Glen gehou. 'n Werkskomitee is saamgestel om die reëlings en logistiek bymekaar te sit. Meer besonderhede sal beskikbaar gemaak word, soos die komitee vorder met die reëlings.

'n Eerste versoek, asseblief. Kan julle asseblief in julle foto versamelings soek na goeie foto's oor Rietvallei en sy mense oor die jare? Die gedagte is om 'n foto-reeks saam te stel, wat die oggend vertoon kan word. Stuur julle foto's asseblief aan rietvallei.sek@sawa.org.za of rietvallei.sawasekr@gmail.com (die e-posadres waarvan die Rietstok gestuur is).

**Wat het van die Mei saamtrek geword?**

Gesien die onsekerheid wat heers oor die 2026 Sitrusfees (Buffelspoort het tot datum nog geen kennis van die fees nie), is die saamtrek na Kokoriba verskuif. Intussen het dit bekend geword dat Kokoriba per tender verkoop sal word. Die oord het in 'n verklaring dit duidelik gemaak dat dit geensins gaste sal raak nie. (Iemand wat 'n geldjie het wat rondlê?)

**Weesgerus Gebiedsaamtrek: 8 – 10 en 10 - 12 Julie 2026**

Jakaranda het besluit om vanjaar weer 'n saamtrek by Weesgerus aan te bied, op die datums soos hierbo. Gebied is besig om met die oord reëlings te tref en besonderhede sal aangestuur word soos die bekend word.

## PINOCCHIO KLEUTERSKOOL

Die kleuterskool is geleë in Keyterstraat, Daspoort. Tjaart is 'n bekende daar, want hy word met ope arms ontvang as een van hulle medewerkers. Oor en weer word uitgevra na die welstand van families. Tjaart moet vertel hoe dit met sy Ma gaan en Michéle moet vertel hoe dit met tannie Marie gaan. Want, tevore het Ouma Klaasen gereeld saam met Tjaart gegaan, wanneer hy Pinocchio besoek het.




*Pinocchio Kleuterskool se buite aansig, Keyterstraat, Daspoort*

Pinocchio Kleuterskool is een van Rietvallei se omgee projekte vir 'n aantal jare al. Pinocchio lewer creché en voorskoolse dienste aan die gemeenskap se kinders, uit hoofsaaklik arm ouerhuise. Pinocchio se programme is uitgebrei om te help om ook die nood en behoeftes van verdienstelike ouers, boeties en sussies te help verlig. Dié dat meer as net kinderklere ingesamel word.

Die klere wat Pinocchio ontvang word volgens behoefte uitgedeel, met die versoek dat klere wat nie meer nodig is nie, teruggesstuur word, sodat dit weer uitgedeel kan word. Indien die maatjie te groot word vir 'n kledingstuk en daar is nie 'n jonger boetie of sussie wat dit kan gebruik nie, kom dit terug skooltoe en as dit nog bruikbaar is, word dit weer uitgedeel aan 'n volgende maatjie wat dit nodig het.

Buiten kinderklere, benodig die kleuterskool omtrent enigiets wat kinders van 2 maande en ouer kan gebruik. Pinocchio help ook ouers waar nodig en moontlik, waarvoor hulle skenkings nodig het.

Vroeg in Oktober het Tjaart nog 'n aflewering gedoen en hierdie keer was daar benewens kinderklere ook 'n lekker groot mat waarop die kleinspan kan speel én lekkernye. Die lekkernye is iets anders as die gewone en is natuurlik baie gewild.

Die onderstaande briefie van erkenning het Tjaart van Pinocchio ontvang:

> *"Goeie middag Tjaart*
>
> *Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om elkeen wat 'n skenking gegee het uit ons harte te bedank vir die skenking van klere en die mat, asook Tjaart, dankie vir die lekker "sugar balls" wat jy gekoop het vir ons kindertjies dit word opreg waardeer en geniet.*
>
> *Julle maak 'n groot verskil in baie mense en kindertjies se lewens; julle is sterre. Mag u almal geseën word met gesondheid en geluk.*
>
> *Pinocchio groete*
> *Michéle Visagie"*

Op sy beurt, sê Tjaart:

> *Baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale projek betrokke was, veral aan De Meerpaal Aftreeoord vir hul bydrae.*

Dankie Tjaart! Dankie vir die versamel, sorteer, stoor en aanry na Pinocchio toe.

*Een van die slaaplokale van Pinocchio Kleuterskool.*





*Michéle Visagie van Pinocchio Kleuterskool, Tjaart Klaasen en Erna la Grange tydens Rietvallei se onlangse besoek aan die kleuterskool.*

## RIETVALLEI PROGRAM: OPGESOM

| | | |
|---|---|---|
| 21 – 23 November 2025 | San Cha Len saamtrek | 108km |
| 18 – 25 Januarie 2026 | Buffelspoort weeksaamtrek | 105km |
| 20 – 22 Februarie 2026 | Kleine Bela | 121 km |
| 20 – 22 Maart 2026 | Spookkamp | $\sqrt[3]{(2\Pi LC)}$ km |
| 31 Maart - 2 April 2026 | View-on-Vaal Senior Presidente | 133km |
| 2 - 6 April 2026 | View-on-Vaal Presidente | 133km |
| 14 April 2026 | Kuieroggend by Botaniese Tuine | 12km |
| 16 Mei 2026 | 20ste Verjaarsdag - Renaissance | 11.3km |
| 27 – 29 Mei 2026 | Kokoriba Seniorsaamtrek | 113km |
| 29 – 31 Mei 2026 | Kokoriba Saamtrek | 113km |

*Afstande vanaf Vlieënde Pieringwissellaar*

NL

***Uitspraken van kinderen…***

*De haan heeft altijd een kam bij sich, maar geen haar; het is dus een dom dier. Ook heeft hij geen last op hobbelige weg, want hij heeft veren genoeg.*

*De haan is die baas in den kippenhok. Hij laat die kippen eieren leggen, maar hij is er nooit tevree over; zijn kam is altijd rood van boosheid.*

*Aan zijn poten sitten sporen, maar die heeft hij niet nodig, want paardrijden kan hij niet.*

DE

*Wuchtig: "Ist es wahr, daß Frau Schulze mit einem Fußtritt eine Eiche umgelegt hat?"*
*"Ja, sie trat aufs Gaspedal statt auf die Bremse!*

*Advertensie*




*Kom ons loop!*

